## KERK EN CHRISTENDOM TEENOOR DIE MODERNE HEIDENDOM IN AFRIKA

> *Hij heeft het geloof van zijn voorvaderen over boord gegooid en zijn levensschip drijft op de golven van een moderne wereld en in de meeste gevallen van een nieuw heidendom, dat maar weinig verschilt van het heidendom der Verlichting in Europa.*
> Gedat: *Wat groeit er uit dit Afrika?* p. 38.

Die onderwerp vereis onmiddellik enkele verklarende opmerkings. Dat die aandag tot Afrika beperk word, beteken geensins dat die houding en roeping van die kerk en die Christen teenoor die moderne heidendom in Afrika prinsipieel anders sou moet wees as elders in die wêreld nie. Dit gaan alleen uit van die standpunt dat die situasie in hierdie kontinent vanweë die historiese moment enigsins anders lê.

In „blanke" Suid-Afrika word meesal nog van Afrika gepraat en aan hierdie naam gedink asof dit „iewers in die Noorde" is; ten minste noord van die Limpopo of die Zambezi. Daar is 'n mate van regverdiging vir hierdie geografiese benadering aangesien Europa deur die sametrekking van 'n bevolking van Westerse herkoms, hier 'n oorheersende plek in Afrika inneem. Daarmee is dan ook reeds aangetoon dat die geografiese in hierdie bespreking alleen belangrik is vir sover dit dien as huisvesting vir mense met 'n bepaalde kultuur en beskawing. Ook in hierdie opsig word die benaming Afrika enigsins eksklusief gebruik. Uiteraard word die nadruk in hierdie referaat nie soveel laat val op die denk- en beskawingstendense van die „Europese" deel van Afrika nie, maar juis op dit wat tradisioneel van Afrika self is. Tog sou dit onrealisties wees om geheel en al eksklusief oor die donkerkleurige Afrikane en hulle konfrontasie met die moderne heidendom te handel. Die Afrika-blankedom is, nieteenstaande sy Europese herkoms, sy Europese beskawingsgebondenheid en sy huidige gedwonge geestelike aanleuning op sy Europese heimat, tog reeds deel van Afrika. As sodanig is hy 'n besondere faktor in die oordra van nuwe gedagtewêrelde in die swart kontinent. Nòg geografies, nòg kultureel kan „blanke" Afrika hom distan-

sieer of isoleer van swart Afrika.

Dit is feitlik al gebruiklik om die geesteswêreld van die huidige Afrika drieledig te sien en om die bevolking te verdeel in aanhangers van die Islam, die Animistiese inheemse heidendom en van die Christendom. Oor die eerste twee is reeds gehandel in vorige referate, terwyl die derde nog aan die beurt kom. So 'n indeling gaan egter mank aan onvolledigheid. Dié drieledige groepering van die Afrikabewoners op grond van hulle lewensbeskoulike en religieuse oortuigings het of nie oë vir 'n vierde rigting nie of verwar dit met wat gewoonlik as Christelik aangebied word. Prof. Dammann se stelling verdien aandag: „Das technische Zeitalter mit seinem säkularen Schwergewicht macht auch vor Afrika nicht halt" (Die Religionen Afrikas). Afrika is reeds, teen 'n asembenewende en dikwels ewewigversteurende tempo, ingesuig in die twintigste eeu en die winde van verandering het nie net die staatkundige topografie verander nie, maar is ook geruime tyd besig om die geestesbeeld te verweer.

Die term moderne heidendom laat hom nie so maklik definieer nie. In die finale instansie word hiermee bedoel alle denkwyses en geestesrigtinge wat nie binne die kader van die drie genoemde wêreldbeskouinge van die Christendom, die Islam en die Afrika-animisme val nie. Dit word as modern aangedui omdat die beskouinge van betreklik resente oorsprong is en as heidendom, omdat hulle on- of anti-Christelik is. Net soos die Christendom, die Islam en die Animisme is hierdie geesteswêreld ook multi-vormig. Dit het nie veel nut om 'n detail-opsomming of ontleding daarvan te probeer gee nie, maar die bedoeling kan miskien enigsins duideliker word deur die stelling dat hieronder ingesluit word strominge soos „civilisasionisme", scientisme en modernisme uit die Weste; die Marxisme en Sosialisme in hulle Russiese en Chinese fabrikate as produkte van die Weste en die Ooste gesamentlik met die hibridiese vorm daarvan uit Afrika, nl. African Socialism.

Die binnedringing van Afrika op fisiese en geestelike wyse deur die Europese wêreld was nie 'n onvermengde sege vir die Christendom nie. Toe die eintlike verdeling van Afrika onder die Europese moondhede plaasgevind het, was die glans van die Christendom in Europa, hetsy Protestants, hetsy Rooms, reeds verdof. Die hoogtepunt van die bloeitydperk van die Christendom was agter die rug, en in die tweede helfte van die 19e eeu was veel van sy lewenskrag hom reeds

al ontneem deur militante sekularistiese, humanistiese en ander onchristelike gedagtestrominge. Sedert die Hervorming het die Franse Rewolusie 'n nuwe gees oor Europa laat spoel. Die rewolusies van 1830 en 1848 het in hierdie gees voortgegaan. Die Sosialisme van Marx en Engels was aan die groei tot 'n nuwe militante sosio-politieke religie, terwyl Darwin 'n nuwe lewensbeskouing geformuleer het wat hom radikaal sou verhef teenoor die aanvaarde Christelike uitgangspunte. Dit sou veral die Engelse denkwêreld, tot in sy teologie ten diepste beïnvloed. En Engeland en Frankryk sou die grootste koloniale moondhede in Afrika word.

Die Christendom, in sy huidige vorm, is tot 'n hoë mate 'n produk van die Weste. Eweso is die Westerse beskawing tot 'n hoë mate die produk van die Christendom. Hierdie historiese vervlegtheid kan nie weggeredeneer word nie. Een van die belangrike en gevaarlike denkfoute van ons tyd is egter dat hierdie historiese assosiasie vertolk word as 'n wesenlike verwantskap, so seer dat Westers of Westerse beskawing en Christendom as sinonieme gebruik word. Selfs nadat ander on- en anti-Christelike geestesstrominge en kultuurprodukte deel geword het van die Europese beskawingspatroon, het hierdie mite bly voortleef. In plaas van die prinsipiële onderskeiding te erken word die historiese verband veralgemeen. Aan hierdie misverstand is Europa sowel as Afrika skuldig. Vandag ly die Christendom, Afrika en die Weste as gevolg hiervan.

Die grendels van Afrika wat deur die kolonialisering uit Wes-Europa oopgedwing is, het die poorte van hierdie kontinent vir die tweede keer oopgemaak vir die kerk en die Christendom uit die transmediterreense wêreld. Maar gelyktydig is die sluise geopen vir ander onchristelike strominge uit die Weste en uit die Ooste, uit Europa en uit Asië. Die Westerse druk deur middel van die sending, die administrasie en die handel op die inheemse religieë, lewensbeskouinge en -praktyke, op die sosiale, ekonomiese en politieke struktuur het gelei tot 'n gedeeltelike en belangrike verbrokkeling van die tradisionele. Die grootste beïnvloeding geskied ten opsigte van die materiële en die sosiale komponente van die Afrikakulture, maar dit bly nie sonder effek op die dieperliggende nie. Ook was die invloede op alle volke en op alle dele van dieselfde volke nie eweredig nie. In die gebiede van regstreekse kontak geskied dit regstreeks, voortdurend, indringend. Hier-

die gebiede is die gebiede van bevolkingsametrekking, van handel en nywerheid. Dit word die gebiede van die evoluees, van 'n nuwe leiersklas wat voortaan die toon aangee en die mode bepaal — materieel en geestelik.

Verdwynende dele van die veranderende tradisie word vervang en aangevul deur komponente van elders. Wesentlik is die nuwe kultuur in sy religieuse en godsdienstige aspekte sinkretisties en poli-religieus. Dieselfde volke wat die Christendom na Afrika gebring het, het ook 'n nuwe heidendom ingevoer en is veral vandag nog grootliks besig om dit een van die belangrike komponente van die nuwe Afrikakultuur te maak. Die kontinent en die beskawing wat die bron van die Christendom in Afrika was, het in toenemende mate die oorsprongsgebied van 'n moderne heidendom geword. By wyse van koerant, tydskrif, radio en film word 'n ontkerstende Westerse kultuur en „beskawing" opgedis.

Die Christendom is tot 'n groot mate in Afrika aanvaar, maar ongelukkig nie altyd en alleen as die Evangelie van verlossing, d.w.s. van *sonde*-verlossing en met die meegaande eise van wedergeboorte en bekering nie. Die oë is weliswaar in die verlede, en vandag by hernuwing, gevestig op die kerk as die verkondiger en draer van 'n verlossingsboodskap, maar dan ook nie vry van die vertolking wat die Joodse owerpriesters en Skrifgeleerdes aan die Messiaanse verwagtinge gegee het nie, nl. nasionale ontvoogding uit die Romeinse ryk, dekolonialisering, sosiale en politieke vrymaking. Daar is besonder veel ooreenkomste tussen die Afrikavolke van ons eeu en die Jode in die tyd van Christus: 'n sterk (politiek geïnspireerde) Messiasverwagting, 'n ewe sterk religieuse lewe terug in die tradisionele, 'n ewe sterk afkeer van 'n prediking wat enigsins die indruk wek asof dit teen die nasionale aspirasies gemik is.

Oor die taak van die kerk en die Christendom ten opsigte van die politieke lewe en die inhoud van sy prediking, val meer te sê in die laaste twee referate van hierdie reeks. Hier dien alleen opgemerk te word dat met die ontleding in die vorige paragraaf nie bedoel word dat die kerk en Christendom niks te sê het vir of te doen het aan die sosio-ekonomiese, politieke, kulturele en beskawingslewe van (onderhorige) volke nie. Dit gaan teen die eensydige vertolking, waarin die kern van die Evangelie, t.w. sonde en sondeverlossing, op die agtergrond gedwing of selfs verloën word ter wille van die periferale: 'n begrip wat maklike en gunstige reaksie lewer

op oproepe om broederskap, politieke ontvoogding, ekonomiese hulpverlening, selfs om militêre aksie.

**Beskawingsaanbidding**

Dit is baie duidelik uit die studies van Brandel-Syrier, Mayer, Wilson e.a. hoeseer die inboorlinge wat met die blanke in aanraking kom, gesteld is op die stempel van beskaafdheid. Hulle gedrag, uitwendig altans, moet voldoen aan die blanke norme. Wesentlik verskil dit nie van die optrede en gedrag van blanke onkerklikes of nomineel-kerklikes nie, wat aan sekere Christelike gebruike soos die doop en die kerklike huweliksvoltrekking, selfs aan diaken- en ouderlingskap, vashou omdat dit fatsoenlik is en 'n bepaalde sosiale status verleen. Die sg. Skool-Xhosas noem hulleself graag Christene, maar word nie sonder rede nie dikwels deur die Rooi Xhosas verwyt dat hulle sedelike lewe swak vergelyk met dié van die Rooi Xhosa-heidene. Dikwels kom dit daarop neer dat wat die Rooi Xhosa openlik doen, deur die ander heimlik verrig word.

Brandel-Syrier *(African Women in Search of God* en in 'n lesing *Some Aspects of the Meaning of Christianity for the African Woman)* wys tereg daarop dat die historiese assosiasie van Christendom en Westerse beskawing vir die Afrikaan baie begryplik is. In die eerste plek beteken Christendom vir die Bantoe beskawing. „Most Africans, even up to the present do not recognise any other culture of the world as a civilization... Only by becoming a Christian does one become civilized. Historically, of course, it happened like this: Western civilization came to our African compatriots, first of all in the garb of a religion, Christianity, which naturally therefore came to stand for the whole of Western civilization... Christianity meant having only one wife and avoiding initation school, wearing Western clothing, drinking tea... finally it meant going to school... It also came in the form of the Doctor of Medicine and the Judge of Law..."

Dit was veral die sending en die sendeling wat as instrumente gedien het om hulle in te lei in die geheime van die Europese lewenswyse. Dit het ook 'n verwarring gebring. Volgens die ervaringswêreld van die Afrikaan het alle lede van dieselfde volk ook dieselfde godsdiens. Alle blankes moet dus Christene wees. Hoe verwarrend derhalwe dat hulle geloofs-

beoefening nie eenders is nie. Én hierdie verwarring m.b.t. die godsdiens van die blanke, én die inboorling se onwil om sy eie religie prys te gee, het een aspek van die blanke se lewe aanvaarbaar gemaak. Dit was sy beskawing, die uiterlike lewenswyse. Dit word die sleutelwoord en towerformule wat rykdom, aansien en 'n nuwe lewe bied. Dit word eintlik 'n nuwe religie, die civilisasionisme.

Brandel-Syrier vestig die aandag ook op 'n ander ontwikkelingsaspek. Die Christendom is geassosieer met beskawing, met 'n nuwe samelewing en met 'n nuwe vryheid (vir die vrou veral). „For sure, all these meanings of Christianity are rather social and material than moral and religious. But this is not so felt. It was all part of the general African struggle towards 'the light'. Christianity itself was the stepping stone on the road towards African emancipation and equality with Europeans". Sodanige volgehoue assosiasie met die Christendom, hoewel met verkeerde beklemtoning en vertolking, hou nog die hoop in van reformasie. Feit is dat hierdie assosiasie reeds verwerp word. „No longer is Christianity seen as the be-all and the end-all of civilization, and an integral part of the Africans' general progress towards enlightenment. Many Africans have realized that they can become civilized and educated and wealthy without ever going to church and becoming Christianized. They can do without Christianity and the missionaries". Die kerklike word deur die sekularistiese verdring, die Christelike deur die onchristelike. Tot dusver het die Christendom weinig invloed uitgeoefen op die vorming van gedragspatrone, veral in die stedelike gebiede. Die mate van kontrole en beheer oor gedrag word ervaar as 'n komponent van beskawing eerder as van Christelikheid. Derhalwe kan Ngcobo beweer: „The ideal personality aimed at is that of a civilized man or woman. And the extent to which Christian ethics and ideals move even those Banty who are regular churchgoërs may be doubted". Dit is duidelik: die ideaal is *beskawing*, liefs minus enige Christelike inslag.

Gedat *(Wat groeit er uit dit Afrika?*, p. 39 e.a.p.) teken die toestand skerp. „Vooruitgang en ontwikkeling zonder geloof — dat is zo ongeveer de slagzin in de wereld van de ontwikkelde negers . . . dit is het antwoord, dat in die negerkringen gegeven wordt aan de prediker (blank of zwart) van het Evangelie. Men wijst de Christelijke boodskap af, omdat men zich al lang verheven waant boven alles wat religieus is . . ."

Die sendingskool in Afrika was die voorportaal tot verdere opleiding aan die hoë skole en universiteite van Europa en Amerika. Sonder vrees vir teëspraak kan beweer word dat hierdie inrigtings vir verdere onderrig nie Christelik van opset, aard en karakter is nie. Enersyds moes dit 'n verdere verwarring bring in die gemoedere van die enkele bevoorregtes, die heiden-Christengeleerdes. Dié geleenthede maak hulle wel deurdronge van die wondere van die wetenskap sonder om daarin en daaragter die wondere van God te sien. In Suid-Afrika was dit presies dieselfde „neutrale" universiteite wat ook, t.o.v. die Bantoes die „ope" universiteite was.

Deur middel van hierdie studente word die buitelandse hoëre opleiding die draer van die gangbare wetenskaplike denkmodes tot binne in Afrika: intellektualisme, Darwinisme, scientisme en tegnisisme. Die menslike intellek as altyd heerliker ontplooiende en eventueel alles verlossende krag volgens die Darwinistiese evolusionistiese opvattinge, deur middel van die wetenskap wat alles deurvors en alle probleme gaan oplos (scientisme) word die aangebedene. Die geleerde en quasi-geleerde Afrikaan vind in sy intellektuele ontwikkeling ook die maatstaf vir sy beskawingstatus en sy aanspraak op sosiopolitieke ontvoogding. Om geleerd te wees is om beskaafd en intellektueel te wees. Dit beteken om evolusionisties te dink en in die feit van sy denke fundeer hy sy gelykheidstatus in die mensheid.

Hierdie toestand word eweneens deur Gedat (p. 39) goed getipeer. „De tragiek van de jonge generatie van Afrika die op de hogescholen studeert, is de breuk met de bindingen van het verleden en de vervanging daarvan door een geloof in de vooruitgang... Het is niet zonder gevaar, dat juist onder de ontwikkelden van Afrika als bewijs van hun radeloosheid en doelloosheid een materialisme vaste voet krijgt, dat ons doen schrikken, en een nieuw heidendom, dat zich nauwelijks onderscheidt van dat van de Westerse wereld in deze tijd". In die roes van gunstige resultate gaan baie oor tot 'n soort evolusiegeloof wat beangstigend is. Dit is 'n geloof aan jouself en die bekwaamheid van jou ras; 'n oortuiging dat alles nog mooier en beter word. Die leiers word verafgood. Die konflik met die ideologieë van die nasionalistiese partye verbind aan die gevaar van leiersverafgoding vorm 'n nuwe soort heidendom, nie swakker as die geeste- en demonekultus van die ou Afrika nie.

Die Christendom word hierdeur nie altyd verwerp nie. Miskien nog opstuwend uit sy naïewe tradisionele „kragfilosofie" word dit wel bygehaal juis as moreel-regverdigende faktor in die politieke ontvoogdingstrewe. Christus word neergehaal tot 'n politieke bevryder en die Christendom tot middel vir die bereiking van 'n politieke doel. Verder het dit nie iets te sê nie. Demokrasie en humaniteit word die politieke afgode. Hieraan is blanke en nie-blanke albei skuldig. En daarin lê baie van die oorsake van misverstand en van onverstandige optrede.

### Marxisme

Die oopgaan van deure na Europa en na Afrika het ook die kontak gebring met die Marxisme. In 'n ontkerstende Europa, het Marx 'n nuwe evangelie van verlossing verkondig: verlossing uit sosio-ekonomiese en politieke druk van die proletariaat deur die kapitaliste. Hierdie evangelie van „vryheid" moes aanklank vind by die studente uit koloniale lande. Hulle was oorbewus van hulle volke se armoede en onderhorigheid. Maar hulle was nie ten volle bewus van die oorsaak daarvan nie. Marx en Engels het skuld alleen geken en erken vir sover dit ekstern was: dié van die kapitaliste. Eie skuldbesef en skulderkentenis van die proletariërs het nie bestaan nie, mag nie bestaan nie. Die kerk se prediking van sondeskuld en skuldbelydenis is „opium vir die volk". Psigologies pas so 'n leer uitstekend aan by rewolusionêres wat, om die passie van die rewolusionêre stryd hoog te laat brand, ál die skuld aan vyandskant moet aantoon.

So 'n leer en lewensbeskouing met die klem op die bevrydingsmomente, op die ekonomiese, sosiale en politieke vlakke moes in die koloniale studente 'n vrugbare psigologiese aansluiting vind. Teenoor die koloniale student werp die Marxis, nie net in Rusland nie, maar eweseer in Engelse en Franse universiteite die beeld op van 'n „bevryder". Die gemeenskaplikheid word gesoek en gevind ten opsigte van die bevrydingselemente. Uitgedruk in persentasies en verhoudinge is die ongeveer 30,000 Afrikastudente uit 'n bevolking van 240 miljoen, wat aan die universiteite van Oos-Europese state studeer, miskien nie baie nie (ongeveer 1200 in Rusland). Maar wanneer in ag geneem word dat hulle die leierslaag in die nuwe state vorm, is dit nie 'n feit wat verontagsaam mag

word nie.

By 'n vorige geleentheid het ek voor die Seminaar betoog dat die aanleuning van die Afrikastate op die Kommunistiese blok eerder 'n soeke na die bondgenootskap van Rusland en China is, as 'n aanvaarding van die Marxisme as ideologie. Ek haal instemmend die volgende aan uit *The Two Faces of Africa* (Prof. B. Barais, pp. 117, 118): „For Communism, Africa in its present stage of development must be an Eldorado of opportunity. And yet it seems that this Eldorado is not yielding all the ideological gold it was expected to do in spite of all the political adeptness of men like Dr Iwan Potekhin, head of Russia's Africa Institute and adviser to the Kremlin on Africa... There can be no doubt that Communism has made headway, but through personal impressions and the writings of knowledgeable people, and from the Communist Camp, it is clear that Communist infiltration has not up to date succeeded to the extent that Communists once hoped".

Die Beer en die Draak het weliswaar oral en ontstellende vastrapplek in die nuwe state van Afrika verkry. Volgens prof. Murray is daar 50,000 opgeleide Kommunistiese agitatore in Afrika (Die Transvaler, 14 Junie 1965). Maar die Marxistiese ideologie het nog nie in dieselfde mate in die hart en verstand van die volke wortel geskiet nie. Sosiologies is die Afrikavolke, by afwesigheid van 'n industriële agtergrond en omstandighede, nie ryp vir die Marxisme nie — *nou* nog nie. Tans is die pas tot ontwaking gekome nasionalisme 'n baie sterk teenvoeter teen die Kommunisme. Daar is 'n opmerklike anomalie verbonde aan die Afrikanasionalisme se bondgenootskap met die Kommunistiese moondhede teen die Westerse imperialisme. In hulle stryd teen kolonialisme en imperialisme bedien die Afrikastate hulle van die hulp en bondgenootskap van die moderne aartsimperialis en -kolonialis, die U.S.S.R. In vergelyking met wat elders gebeur het, het die Afrikastate na Wêreldoorlog II met betreklik min moeite en geweld, feitlik vreedsaam ontvoogd geraak. Hierdie anomalie kan 'n tragedie word indien die Rooi bondgenoot hul strewe om baas te word verwesenlik. Daar is geen tekens dat Rusland en China met die Marxistiese motief van wêreldoorheersing wat uiteraard die Russiese en Chinese state versterk en vergroot, so maklik as Engeland, Frankryk en België hulle onderhorige gebiede gaan ontvoog nie.

By die ontleding van die Kommunisme as vorm van die

moderne heidendom in Afrika, moet teen twee gevare gewaak word. Die eerste is reeds genoem: om te heul met die Kommunistiese state beteken nie noodwendig aanvaarding van hulle ideologiese grondslae nie. Daardeur is die gevaar natuurlik nie onwesenlik dat huidige politieke vriendskap die weg na toekomstige ideologiese gemeenskaplikheid kan vergemaklik nie. Die tweede gevaar is die verskynsel om die etiket van Kommunisme alles en almal om te hang wat strydig is met 'n besondere, veral konserwatiewe nasionalisme. Dit is waar dat die bevrydingsbewegings hulle veelal van Kommunistiese tegnieke en strategie bedien het en selfs van sodanige handlangers as leiers en hulp. Maar dit is ook nog geen aanvaarding van die Marxistiese leer nie. Ewe waar is dit dat allerlei lewenshoudings w.o. die liberalisme hulle leen tot infiltrasie van en toegeneentheid jeens die Kommunisme ook in Afrika en nie minder nie in Suid-Afrika, maar ook dit is geen onderskrywing van die Marxistiese ideologie nie.

Die posisie ten opsigte van die Kommunisme as 'n vorm van moderne heidendom in Afrika kan soos volg opgesom word. Daar is 'n sterk aanleuning uit die Afrikakamp op die Russiese en Chinese state en hulle hulp. Maar daar is ook tekens van botsing en van 'n „koue skouer". Ideologiese infiltrasie het weinig plaasgevind buite die grense van die Republiek. Daardeur mag dit lyk asof die gevaar van Kommunisme in Afrika verkleineer word. Dit mag ook nie. Die gevaar van die heul met die Kommunistiese state lê daarin dat dit, in bondgenootskap met ander onchristelike strominge soos die civilisasionisme e.d.m., die geestelike weerbaarheid en weerstand teen eventuele Marxisme verswak en ondermyn en intussen aan daardie lande geleenthede tot infiltrasie en ondermyning verleen.

Ek verwys weer na Gedat (p. 40) waar hy beweer dat met dieselfde leuse: Vooruitgang en ontwikkeling sonder geloof, ook die afgesante van die wêreldrewolusie, die bolsjewisme en die materialisme die jong generasie Afrikane onder hul ban probeer kry en daarmee hulle tot leiers wil maak ten einde hulle volke en ras te bevry van die „juk van die Europeane" en die „tirannie van die blanke" „echter alleen maar, om hen in een andere greep te krijgen, waarvan zij de geduchtheid, angst en nood eerst enigzins zullen begrijpen, als het te laat is".

## African Socialism

Die oplaaiende nasionalismes in Afrika stel hulle vierkantig teenoor die verknegtings- en onderwerpingsgedagtes van die Kommunisme, selfs ingeklee in mnr. K. se befaamde „vreedsame koëksistensie". In navolging van die terminologie van Marx c.s. word terug gegryp op die nasionale verlede en kom Afrikaleiers na vore met 'n eie handelsmerk: „African socialism". „African socialism is not Marxism in the ideological sense but is often looked upon as a sort of panacea for all Africa's economic needs and as a symbol of independence" (Two faces of Africa, bl. 91). Sommige probeer om dit te baseer op die kommunale tradisies van die Bantoe- en Negergemeenskappe. Prakties is die vraag in hoeverre hierdie komponent van 'n agrariese bestaan met sukses oorgeplaas kan word as die fondament van 'n geïndustrialiseerde struktuur met 'n oorwegend stedelike samelewing — die ideaal waarna al hierdie state streef. Prinsipieel belangrik is die feit *waarheen* hier gegryp word vir die oplossing: met die een hand na die godlose Marxisme en met die ander na die heidense tradisie.

## Die kerk en die Christendom

Dammann stel die taak van kerk en Christendom in baie algemene terme as hy sê: „Fur verantwortungsbewuszte Menschen, zu denen die Christen gehören sollten, erhebt sich nunmehr die Frage nach unseren Beitrag um den Afrikaner vor geistiger Aufsplitterung zu bewahren und ihm auch in der neuen Zeit zu einem Leben in der Ganzheit zu verhelfen. Hier liegt eine grosze Aufgabe für die Christenheit". Miskien enigsins meer spesifiek is Gedat se uitspraak (p. 220): „Voor de Christen is het zonder meer duidelijk, dat het zendingsbevel van Jezus, met zijn ‚Gaat heen in de gehele wereld' onze taak aangeeft, en dat wij alleen vanuit onze geloofshouding de opdracht kunnen volbrengen, die ons ook voor Afrika is gegeven". Derhalwe beskou hy Europa se eintlike opdrag in Afrika as 'n geestelike en godsdienstige, 'n bydrae tot die vorming van 'n nuwe wêreldbeskouing. Dit sou ons graag wou toegee mits dit gekwalifiseer word as *Christelike* Europa, want die ander Europa juis het aan Afrika die nuwe heidendom gegee. Hierdie en ander uitsprake lei tot Groen van Prinsterer se motto: teen die rewolusie die Evangelie. Vir die kerk hou hierdie toestande in Afrika van die Kaap die Goeie

Hoop tot by die pilare van Hercules, geen nuwe taak in nie. Dit gaan nog maar om die verkondiging van die suiwere Evangelie: sonde, verlossing en dankbaarheid. Dit maak alleen die taak van die kerk moeiliker omdat dit aan nog 'n front moet stry.

Die uitdra van die Christelike beginsels, vir ons die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, in leer en lewe is die enigste teenmiddel teen die tradisionele sowel as teen die moderne heidendom in Afrika. Op 'n paar optredes moet die die aandag gevestig word. Die res van die wêreld, en daarmee saam ook Suid-Afrika, gee Afrikaleiers 'n oriëntering wat hoofsaaklik nie-Christelik is. Die Christendom se taak sal wees om gelowige leiers te kweek met Christelike karakters en met heldere Christelike kennis en insig. Christelike skole van alle soorte saam met Christelike universiteite en onderwyskolleges is 'n dringende vereiste. Wetlik is die kolleges vir nieblankes in Suid-Afrika „godsdienstig", maar dit is nog nie Christelik nie. Daarmee saam betuig ons hoë waardering aan diegene wat deur „godsdiensonderrig" op skole, deur die koppeling van teologiese opleiding aan die kolleges en deur die benoeming van personeel, 'n Christelike karakter aan hierdie inrigtings probeer gee. Die ideale toestand is dit nog nie.

Wat deur die Mindolo Ecumenical Foundation by Mindolo te Kitwe, Zambia, gedoen word, behoort op groter skaal navolging te vind onder Christene in Afrika, nieteenstaande die gebreke wat nog aan hierdie poging kleef. Wat sou die Calviniste van Suid-Afrika nie kan doen indien hulle so 'n onderneming, al is dit ook in die kleine, kan aanpak en deurvoer nie? Dit is een moontlikheid. Die ander is om as Calviniste in gesprek te kom met nie-blanke leiers op uitgebreide skaal: om op grondslag van die Woord van God te bespreek, te vermaan, voor te lig, wedersydse begrip aan te kweek. Maar dit beteken ook dat die Calviniste van Suid-Afrika in alle opsigte bewustelik Calvinisties sal lewe; o.a. noulettend sal toesien dat reg en geregtigheid geskied en teen enige onreg 'n duidelike waarskuwing sal laat hoor. Dit vereis 'n kerk en Christendom wat die kennis en insig besit om te sien wat verkeerd is en die moed om dit te sê sonder aansien des persoons.

Dit word duidelik dat die verdelingslyn in Afrika prinsipieel verander. Tot dusver was dit hoofsaaklik Afrika vs. Europa-in-Afrika. Maar die antitese begin hom nou reeds

voltrek op grond van die teenstelling geloof vs. ongeloof. Weliswaar is dit tans nog verborge onder tradisionele verskille en houdinge, maar daar kan geen twyfel bestaan dat dit al duideliker aan die lig sal tree nie: aan die een kant die mense van die ongeloof, bruin, swart en wit, aan die ander kant dié van die geloof, ook uit alle nasies en rasse en volke en tale van Afrika. Ook vir hierdie komende verdeling moet die kerk en Christendom Afrika en sy bewoners voorberei.

J. H. Coetzee.

P.U. vir C.H.O.
23 Junie 1965.